N.G. Kerk, Parkkruin,
14 Junie 1998

# Vyandskap of Versoening?

Efesiërs 2 vs. 11-18

Efesiërs 2 vs 16 (Teks) Deur sy dood aan die kruis het Hy 'n einde gemaak aan die vyandskap en die twee met God versoen en tot één liggaam verenig.

Daar is 'n paar uitdrukkings wat vandag gereeld oor die radio, op televisie en in ons media gehoor word. Ek verwys hier nie na ~~uitdrukkings~~ frases soos Bafana Bafana of Amabokkoboko nie maar na uitdrukkings wat baie weerspieël van die vraagstukke waarmee ons as Kerke en as land worstel. Een van h.d. uitdrukkings is: Versoening: 1) bv. wanneer verwys word na die Waarheids- en Versoeningskommissie 2) die verklaring v.d. Waarnemende Staatspresident (Thabo Mbeki) in sy 2-uur lange toespraak voor die Parlement op 29 Mei oor Versoening & Nasiebou. Ons moet ook nie vergeet nie dat ons land 'n nasionale vakansiedag (16 Desember) tot Versoeningsdag verklaar het nie.



Waarom kom h.d. gedagte van versoening so herhaaldelik na vore? Vir my is die antwoord baie vanselfsprekend: Omdat daar tans so 'n dringende behoefte daaraan bestaan: 1) in Kerkgenootskappe (bv. in die Apost. Geloofsending (A.G.S.)); 2) tussen Kerkgenootskappe (bv. N.G.K. & die V.G.K.) 3) in die S.A. samelewing (tussen wit & swart, tussen swart en swart, tussen wit en wit). Dink maar net aan Jeugdag (16 Junie) waarin talle van herinneringe oor gebeure 16 Junie 1976 in Soweto na vore geroep sal word! Opnuut worstel ons dan m.d. vraag: Hoe gaan ons dit hanteer? Hoe gaan ons dit verwerk? Hoe kan ons help dat dit lei tot versoening?

Nou is ~~wat~~ nie net in ons Kerke en in ons volksgemeenskap dat daar so 'n behoefte bestaan nie. Is dit nie so dat in ons fam.-lewe daar van tyd tot tyd s. 'n behoefte ontstaan aan versoening nie: tussen man en vrou, tussen Ouers en Kinders, tussen fam.-lede en vriende nie? Ons moet nooit vergeet: ons is en bly onvolmaakte mense tot die dag van ons dood!

Daarom is dit vir ons as Christene so belangrik om te weet: het die Evangelie enige antwoorde om aan ons te gee vir ons worstel met vrae oor verwydering, vyandskap en versoening? Goddank ja! Daar is 'n hele aantal Skrifgedeeltes wat handel oor hd. vrae. Veral 2 gedeeltes waarna ek wil verwys 1) Efesiërs 2 vs 11-18 wat die hart aanraak v.d. vraag oor vyandskap en versoening waar Paulus duidelik wys dat Christus self deur sy dood a.d. Kruis (vs. 16) 'n einde gemaak het aan die vyandskap tussen Jood en Nie-Jood en dus ook tussen alle mense wat daaraan behoefte het. 2) Die 2e gedeelte vind ons in 2 Kor 5 vs 17-20 waar ons lees: "Iemand wat aan Christus behoort ..... die versoening met God wat Hy bewerk het!" Let veral op die erns van Paulus se appèl wanneer hy met diepe emosie pleit: Ons smeek julle namens Christus: Aanvaar die versoening met God wat Hy bewerk het!"

NB.



As u my nou sou vra watter boodskap hierdie 2 Skrifgedeeltes aan ons oordra dink ek die volgende is van kardinale belang:

1) In al ons Kerkegemeentes het ons 'n diepgaande behoefte aan Bybelstudies, [illegible], oor versoening, vergifnis, en herstel van onreg.

2) Dis noodsaaklik dat daar gereelde ontmoetinge met gesprekke gehou word met Christene wat slagoffers was van onreg (swart sowel as wit) om hulle harte uit te praat!

3) Ons moenie wag tot Sinodale besluite dit eers vra of goedkeur nie. Kan u as Kerkraad en as gemeente die voortou neem om lewende kontak te maak met Christene in die familie van N.G. Kerke in Johannesburg, maar (A.G.S.) ook met Christene van ander Kerke? Laat ons luister na wat Christus vir ons wil sê deur sy Woord, laat ons die H. Gees die vryheid gee om ons hart & siel aan te raak — en ons sal verbaas wees oor wat Hy deur ons sal bewerk!

Amen